~~Ps. 118: 1~~ (Ges 180: 1) ~~Ges 97~~
Ges. 29: 2, 6.
Ges. ~~66: 5~~.
130: 4

Ges. 1: 1, 2.
" 29: 2, 6.
" 118: 4.

# Die Kenmerke v.d. Dissipel.

(Mt. 16: 13 - 28)

Mt. 2 Mrt '41
Lxt. 42
Soeme 10 Mrt '46

Mt. 16: 24 - Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

~~Daar~~ al die uitsprake v. Xtus is hd. een sekerlik een v.die ~~meeste~~ die meeste misverstaan is en verkeerd begryp is deur mense. 'n Mens kan maar net met 'n paar mense gesels oor dié saak om te sien hoe uiteenlopend hulle gedagtes is oor die kwessie van „selfverloëning", „die kruis opneem" & „Xtus navolg". Baiekeer is hd. misverstand daaraan te wyte dat ons nie rekening hou met wat aanleiding gegee het tot dié uitspraak & daarom is dit nodig dat ons eers sien & verstaan wat vooraf gebeur het en waarom Xtus dit nodig geag het om hd. woorde te uit.

// Het vantevore het ons te doen gehad met een v.d. ingrypendste gebeurtenisse in die versk. v Jesus tot sy groepie leerlinge. Nadat Hy vir meer as 2 jr. saam met hulle geleef en gewerk het en hulle 'n innig laat ken het in die deel van sy lewe, neem Hy hulle nou na 'n afgesonderde deel in die noorde v.d. land & ~~waar~~ met die spesiale doel om innig persoonlik en intiem met hulle te gesels oor wat voorlê. Eers bring Hy Petrus daartoe om te bely dat Hy die Xtus, die seun v.d. lewende God is, en maak Hy dan v.dié geleentheid gebruik om ~~vir hulle~~ die ys te breek met die verrassende aankondiging dat Hy 'n nuwe gemeente gaan bou op die belydenis v. Petrus. Mr " nog Hy dit by, dit sal my dood kos". Petrus so ontstuts: ~~dat Hy~~ ~~kom~~ onbegryplik dat sy meester wat nog die nuwe Kon. & v Israel gaan oprig, kan sterwe!
— Hulle dan nog groot posisies beklee!

Mr. Jesus sien dadelik hoedat Petrus nog deurdrenk is van wanbegrippe omtrent 'n nasionale Joodse Ryk wat alle ander ryke sou oorheers, [hulle posse] en nadat Hy P. baie skerp aangespreek het roep Hy sy dissipels bymekaar om aan hulle te verduidelik & te sê:

„Ek wil julle nou baie goed laat verstaan dat as julle My wil volg, julle moet wegkom van die idee van aardse ryke wat ek gaan stig [gestig gaan word], waarin julle die eerste ministers sal wees:

„As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg"

Hd. woorde was dus nie bedoel as 'n afskrikking nie, mr. alleen as 'n tydige waarskuwing van wat hulle te wagte sou moet wees as hulle saam met Hom verder wou gaan op die pad na Jerusalem.

Ongelukkig het hd. woorde by baie van ons 'n heel verkeerde gedagte laat ontstaan oor wat Xtus van ons vra as ons sy dissipels wil wees. Soos met baie ander uitdr. v. Jesus, is ook hd. twee: selfverl. & kruis opneem soos muntstukke gladgeslyt deur oormatige gebruik; en is dit dus nodig om hulle weer te smelt en in hulle oorspr. vorm te giet voor ons kan lees wat werklik d/op geskrywe staan. / Vir baie mense het die woorde 'n onaangename, onsmaaklike betekenis wat eers uit die weg geruim moet word alvorens ons kan verstaan wat dit werklik beteken om jouself te verloën, jou kruis op te neem & Xtus te volg.

I Selfverloëning: Die wd. s/verl. het vir baie mense begin beteken 'n treurige



armoedige soort bestaan, 'n godsdiens wat daarin bestaan dat ek hd. plesier, dd. genot moet opgee, en my lewe volgens 'n sekere vaste aantal reëls moet indeel. As ~~ek~~ net d/in kan slaag om dit en dat te laat staan, dan is ek besig om myself te verloën en God te behaag. // So het al die klem geval op die dinge wat die mens moet opgee asof dit die hoogste in die godsdiens is. Oppervl. begrip.

~~Moderne godsdiens~~

Hou dadelik sê dat die ernstige Xten in loop van sy geestel. ontw. vind dat hy sekere dinge moet laat staan – mr. dan doen hy dit om dies. rede as 'n atleet wanneer hy sekere kosse & drank uitsny & besondere aandag aan sy slaap gee: omdat hy in die beste kondisie wil wees vir die wedren. So ook m.d. Xten: hy gee sekere dinge op in sy Xtel. oefening om 'n goedafgerigte atleet te wees in die Xtel. l/wedren. Dis goed dat hy dit doen, en dis nodig ook – daarsonder geen vooruitgang.

Mr: dis nie s/verl. nie – ons kannie God behaag deur sekere reëls van ons eie te maak & te sê: As ek dit opgee en dat laat staan, dan sal ek 'n goeie Xten wees" # Dis selfvermoording, nie selfverl. // Iets baie dieper.

Selfverloëning is die vrywillige daad van 'n mens wanneer hy die dag sover kom om te weier om langer vir homself te lewe; dis die opgee: die prysgee, die vernietiging van alle selfsug in my lewe; dis die wegvoor verwerping van alle eieliefde, alle eie eer, alle eie voordeel ;// dis die uitsny, uit die binneste van my hart, van enige gedagte, woord of daad wat ek koester vir my eie voordeel en tot nadeel van my medemens [medeskepsel]. Dis die eerste stap wat lei tot my geestel. vryheid. Soos P. Xtus verloën het toe hy gesê het: Ek ken die man nie so is selfverl. die wegdraai v. ons ou self-lewe in die woorde: Ken die man nie.

II „Kruis opneem": Dieselfde geld vir hdn. uitdr.: „die Kruis opneem". So baie mense verkeer onder die indruk dat om die Kruis op te neem beteken om 'n swaar, ~~k~~onvenstike las te dra wat jou neerdruk in die grond en wat jou lewe suur en ongelukkig maak — 'n las wat 'n mens gedurig laat sug en kla. Dit word dan beskou as deel v.d. Xten se roeping en werk! {By baie mense geword 'n kroniese ~~…~~ kwaal ingevolge hd. beeld wat —}

Niks is verder v.d. waarhd as wat sommige mense voorhou nie. Die kruis was nooit bedoel om die mens swak en mismoedig en terneergedruk te maak nie! Wat wel waar is is dat elke Xten in 'n seker sin geroep word om ~~die~~ sy Kruis te dra. Mr. as Xtus dit hier noem dink Hy aan iets gans anders. // Dit was 'n algemene gesig in sy dae om veroordeeldes te sien met hulle Kruise op hulle skouers op pad na die plek van Kruisiging. ~~Hulle~~ Hulle was die enigste mense wat Kruise gedra het — mense wat a.d. Kruishout genael moes word.

En nou kom Jesus & sê: „Die mense wat ek wil hê moenie mense wees wat loop & droom oor die lekker hoë posisies wat hulle gaan verkry of die sagte kussings w/op hulle gaan sit nie — die mense wat agter my aan wil kom moet bereid wees om swaar te kry, veroordeel te word, om alles op te gee — ja, self om bereid te wees om te sterwe ~~soos die~~ Kruisdraer, as dit nodig mag wees!"

Mr: En hier kom die groot verskil in: Waar die veroordeeldes hulle Kruis gedra het met smaad en skande, daar vra Xtus nou sy mense om dit te dra met eer en vreugde: so maak Hy v.d. die skandelas ~~word~~ 'n erelas, die vrees vir smart > vreugde in lyding, die vloek 'n seën, die Kruis 'n Kroon!

Dit is die mense wat Xtus soek: onverskrokke helde, mense wat hulle lewes in hulle hande neem en stuit vir niks agter hd. held aan!



III „Volg My": Mr. watter reg het Xtus om so te praat? „As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën & sy Kruis opneem en My volg"

Hd. vraag kan ons eers beantw. as ons oplet na die laaste woorde: „Volg My". Hier alles opgesluit. Hy ken ^ Waar Hy kon nou die voorwaardes gestel het vir aansluiting, kom nou die oproep, die kreet: Volg My. En w/om sê Hy dit? Wat gee Hom die reg om dit te sê? Het een ding: Die feit dat Hy self voorloop — met die Kruis op sy skouers. En Hy doen dit nadat Hy self aan albei voorwaardes voldoen het: selfverlg. & Kruisop.

① Het Hy Homself verloën? Is dit nog nodig om te vra? Het Hy ooit vir Homself gelewe? Ons dink aan Sy versoeking in die woestyn waar Hy alle wêreldse roem alle eie eer, alle eiebelang opgegee het. Ons dink aan die smart in Sy eie hart toe Hy alle hoop opgegee het om sy eie volk te red — sy belanglose opoffering aan ander! Dis net wat Hy vanter.

② Het Hy Sy Kruis opgeneem? dat Hy die Kruis op aan sy dissipels gesê het: dat Hy die Kruis op sy skouers het en dat Hy aangaan, al sal dit in Sy dood eindig. D/om sê Hy: ~~…~~ „As iemand agter My aan wil kom moet hy bereid wees om ~~hom~~ Hy die pad te gaan — om saam met My te volg, al vra ~~Hy~~ ek wat!"

→ En waarheen lei dd. pad? Na Golgotha. Oor Golg. ja, mr nie einde. Allerminns: dis die pad ja, mr is dit d. einde? wat lei na 'n nuwe ryk lewe, na 'n nuwe gees in die harte van mense, na 'n nuwe lewe op die aangesig v.d. aarde: dis die opbou van die gebod v.d. wil van God teenoor v.d. drange die ambisies, die haat & wrok v.d. mens — dis die nuwe lewe wat ek vind in God.

Dit is wat dit beteken om X. te volg

Dissipels dit nog nie verstaan het.
~~Dissipels~~ Na ~~die dissipels~~ hulle die uitspraak v.d. Jesus aangehoor het, verbaas ek my dat hulle nie weggedraai het nie — mr. daar was een ding wat hulle gebind het aan die man v Naz: hulle het Hom innig v hartstogtelik lief gehad al het hulle nie verstaan wat sy bedoeling was nie, al het hulle nie met Hom saamgestem nie: hulle het bly liefhê.
En dd. liefde het hulle gered! Dd. liefde het hulle Jesus laat volg tot aan die einde toe.

— Ons: Verstaan ons wat dit beteken as Jesus vandag vir ons kom sê:

„As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem & My volg."

Dat dit beteken dat ons hd. man van Naz. so lief sal hê, so innig & opreg lief, dat ons ons verkeerde self sal verloën & prysgee, dat ons bereid sal wees om ons lewe in sy hand te gee en Hom te volg waar Hy ookal heen sal gaan met ons!

// En verstaan ons dat Hy dit nie doen om ons te straf & te pynig nie, mr. omdat Hy ons so hartstogtelik liefhet dat Hy ons wil gee die hoogste geluk en die diepste vreugde en ons wil gebruik om dd. nuwe lewe aan ander te gee?

// verstaan ons dat dit dan nie meer las is om k te dra > lus

„As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem & My volg"